

## Die dier uit die see draai teen die sedelose vrou (OP15)

### Openbaring 17:8-18

25 Oktober 2020

Laasweek het ons begin om na die sedelose vrou, oftewel Babilon, te kyk. Ons het gesien dat sy die konings en die bewoners verlei het deur hulle van haar onsedelikheid te laat drink. Hierdie onsedelikheid het enersyds 'n geestelike onsedelike element, oftewel 'n afgodery element, en andersyds het dit 'n ekonomiese element, 'n fokus op koop en verkoop. Ons het gesien dat sy uitgedos was in pers en helderrooi klere, wat herinner aan die Ou Testamentiese hoëpriester se klere, en dat sy opgetooi was met goud, edelstene en pêrels wat herinner aan die Nuwe Jerusalem. Soos wat die drie diere 'n nabootsing is van die Heilige Drie-Eenheid, is hierdie vrou, of Babilon, 'n nabootsing van die Nuwe Jerusalem, oftewel die ware kerk.

Ons het ook gesien dat sy op 'n dier sit – naamlik die dier uit die see, met wie sy gevolglik nou saamwerk. In vers 7 lees ons dat die engel wat aan Johannes hierdie visioen gewys het, aan hom sê dat hy aan Johannes sal verduidelik wat die betekenis van die vrou en die dier is, en onthou ook dat ons in vers 1 al gelees het dat hierdie engel ook aan Johannes sal wys oor hoe die oordeel oor die vrou voltrek sal word. Ons het laasweek al uit verse 1-7 heelwat oor die vrou geleer. In vers 8-14 gee hy meer inligting oor die dier, en in verse 15-18 begin ons iets lees van die oordeel oor die vrou – hoofstuk 18 beskryf nog heelwat meer detail hieroor. Ons kyk dus vandag na hierdie twee verduidelikings, eerstens oor die dier, en dan die begin van die val van die sedelose vrou.

#### Verduideliking oor die dier uit die see (vers 8-14)

Onthou dat ons in Op 13:1-10 al heelwat oor die dier uit die see geleer het. Vers 8 beskryf die dier aan die begin van die vers as “die een wat eers was en nie nou is nie”, en aan die einde van die vers as “die een wat was, en nou is hy nie en tog sal hy wees”. In die eerste plek moet ons raaksien hierdie is 'n nabootsing van die manier waarop God beskryf word in bv Op 1:4: “Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom”. Maar nog meer spesifiek verwys dit na wat van Jesus gesê word in Op 1:17-18: “Moenie bang wees nie, dit is Ek, die Eerste en die Laaste, die Lewende. Ek was dood en, kyk, Ek lewe tot in alle ewigheid”. Die betekenis van hierdie stelling oor Jesus is duidelik: Hy het bestaan van alle ewigheid af, toe het Hy gesterf tydens Sy eerste koms na die aarde, maar Hy het opgestaan en nou lewe Hy tot in ewigheid. Ons sou kon sê: Hy was, en toe was Hy nie, en tog is Hy weer. Wel, die dier uit die see, wat die Antichris is, word op 'n soortgelyke manier beskryf. Onthou wat het ons in Op 13:3 gelees: hy was aan een van sy koppe dodelik gewond, maar die wond het genees. Ons het destyds toe ons na die gedeelte gekyk het, gesê die wond was toegedien tydens die kruisiging van Jesus toe Hy met die Satan geworstel het en hom oorwin het. Ons moet dus die volgende afleiding maak: Die dier was – voor die kruisiging, met die kruisiging is hy dodelik gewond maar die wond herstel, daar is sedert die kruisiging dus 'n sin waarin hierdie dier nie is nie, en tog sal hy wees, want sien die wond herstel. Dit is juis deur die herstel van hierdie dodelike wond, dat hy die bewoners van die aarde oortuig om die draak te aanbid.

Vers 8 verduidelik ook dat die feit dat hy nie nou is nie, is omrede hy in die onderaardse diepte is. Maar hy gaan uit die onderaardse diepte kom – en dan gaan hy verderf toe. Ons moet twee dinge hier raaksien: (1) Jesus het gesterf (en “was nie”), maar toe het Hy opgestaan (“was weer”) – en nou lewe Hy tot in ewigheid. Dit is iets anders as met hierdie dier: Ja, hy was, en hy is nie nou nie, maar hy sal ook weer wees – maar nie om ewig te lewe nie, maar wel om na die verderf te gaan. Sy oënskynlike herstel na die dodelike wond, is maar 'n tydelike herstel. Hy eindig in die verderf. (2) Ons het in Op 11:7 ook van die onderaardse diepte gelees. Daar het die dier uit die onderaardse diepte

gekom om die twee getuies (d.w.s. die kerk) finaal uit te roei – d.w.s. dit gebeur kort voor die einde van die tyd. Dit is wanneer hierdie dier weer sal wees – kort voor die einde van die tyd. Opsommend: die dier was voor die kruisiging, sedert die kruisiging is daar 'n sekere sin waarin hy nie is nie (ons sal verder in die hoofstuk en ook in Openbaring sien hoe ons dit moet verstaan), en tog sal hy weer wees kort voor die einde van die tyd.

Ek kan my maklik vereenselwig met vers 9a. Hier is voorwaar verstand en wysheid nodig. Ek vind hierdie deel besonder uitdagend om behoorlik te verstaan en ons het voorwaar verstand en wysheid nodig wat van God self afkom. God sal ons moet help om dit verantwoordelik te interpreteer.

Vers 9-11 beskryf nou vir ons meer inligting oor die sewe koppe van die dier. Vers 9 sê die sewe koppe is sewe berge. As jy begin lees oor hierdie gedeelte word daar baie dikwels geredeneer hierdie stukkie is ten minste duidelik – die stad Rome word gekenmerk deurdat dit op sewe berge gebou is, dus is hierdie sewe koppe 'n verwysing na Rome. Let egter op dat vers 9 ook sê dat die sewe koppe ook sewe konings is. En in vers 10 lees ons dat vyf van die konings het al geval, die sesde is nou hier, en die sewende moet kom. Met dit in gedagte, word bostaande argument dan verder gevoer: as die sewe berge na Rome verwys, en dit is ook sewe konings, dan moet hierdie sewe konings tog sekerlik die Romeinse keisers wees. Die probleem is egter dat daar nie net sewe Romeinse keisers was nie – maar wel twaalf. Nou word argumente aangevoer hoekom sekere keisers uitgelaat moet word. Die ander probleem is dat Nero die sesde keiser was – en volgens vers 10 behoort hy dus aan bewind te wees teen die tyd dat Johannes hierdie visioen sien. Die realiteit is egter dat Nero waarskynlik reeds 20 jaar vroeër gesterf het. Domitianus was waarskynlik die keiser tydens die skryf van Openbaring.

'n Alternatiewe interpretasie wat vervolgens gegee word is dat die sewe koppe nie soseer na sewe konings verwys nie, maar eerder na sewe koninkryke. Vyf koninkryke het dus reeds vergaan, die sesde koninkryk is aan bewind tydens die tyd dat Johannes die visioen sien, en daar moet nog een kom hierna. Daar word dan verder geredeneer dat die vyf koninkryke wat reeds geval het, is Egipte, Babel, Assirië, Mediërs en Perse, en die Grieke. Die sesde ryk wat destyds en sedertdien aan bewind is, is die Romeinse ryk, en daar sal nog 'n ryk wees kort voor die einde van die tyd. Ek dink dit is 'n meer realistiese interpretasie, maar daar is steeds 'n paar probleme: Leef ons werklik nog in die Romeinse ryk in 2020? En boonop is volgens hierdie interpretasie die vyfde ryk die Grieke, en as jy Daniël 7 gaan lees, dan lyk dit eerder of die Grieke die derde ryk is volgens daardie visioen (ek gee toe, verskillende visioene kan verskillende interpretasies hê).

Kan ek 'n paar opmerkings maak (met die insig van Beale in sy kommentaar):

- Berge hoef nie noodwendig fisiese berge te beteken nie. Kyk na Jer 51:25. Hier word Babel (dus 'n koninkryk) beskryf as 'n verwoestersberg.
- Sewe in die boek Openbaring beteken gewoonlik nie letterlik sewe nie. Dit beteken eerder volledigheid, bv is die sewe gemeentes verteenwoordigend van die kerk deur die eeue. As ons dus hier lees van sewe konings moet ons dit eerder verstaan as al die konings / koninkryke wat hulle vernet teen God.

'n Beter interpretasie is dus om te sien dat die wêreldgeskiedenis bestaan uit sewe koninkryke. Vyf is al verby. Dit beteken die wêreldgeskiedenis het al ver gevorder. Tans is dit die sesde koninkryk wat aan bewind is. Hierna volg daar nog een, die sewende – maar hy het nog nie gekom nie. As ons terugdink aan die dier, het ons gelees: "hy was" – heelwaarskynlik tydens die eerste vyf koninkryke. "Nou is hy nie" moet waarskynlik beteken dat dit tydens die sesde koninkryk is wat hy nie is nie. en tog "sal hy wees" moet dan beteken dat dit in die sewende koninkryk is wat hy sal wees. Nou, jy kan

dit seker gaan koppel aan Egipte, Assirië, Babel, Mediërs en Perse, Grieke, Rome en die toekomstige koninkryke, maar ek dink nie dit is noodwendig nodig nie. Ek dink ook ons moet eerder die koppe sien as koninkryke dink (i.p.v. konings), siende dat ons nou van die tien horings gaan lees as konings.

As dit nog nie moeilik genoeg was nie, maak vers 11 die saak definitief moeilik. Die dier is self die agste! Maar tog behoort hy by die sewe! As ons van sewe en agt konings/koninkryke hoor, dink ons gewoonlik dat die agste op die sewende moet volg. Kan ek weer twee opmerkings maak: (1) Dit kan ook op 'n ander manier verstaan word: Die OAV sê die agste behoort by die sewe. Dit hoef nie chronologie aan te dui nie, maar kan verwantskap aandui. Hy hoort by hulle, want hy is soos hulle – of miskien eerder, hulle is soos hy - boos. (2) Gebruik van opeenvolgende getalle kan ook beteken die lys is nie volledig nie, maar bloot illustratief. Kyk na Spreuke 6:16, 30:15,18,21,29. Die idee is dus nie om te sê presies hoeveel konings/koninkryke daar gaan wees nie – maar om eerder van almal wat daar gaan wees te praat. Daar is egter net nog een onderskeibare koninkryk wat in die toekoms lê – die sewende. Tans is ons naby aan daardie laaste koninkryk – dus die sesde. Die dier werk in al die koninkryke – selfs nou in die sesde (hy het verwantskap met die sewe, en onthou Op 13 beskryf hy is ook nou aktief). As ons dus hier lees dat hy nie tans is nie, moet ons waarskynlik verstaan hy sukkel, hy is beperk. In hierdie koninkryke is daar konings wat kom en gaan. Die een oomblik lyk dit of hy sukses het, en dan gaan daardie koning onder en dit lyk of hy sterf. Maar dan kom die volgende koning en hy staan weer op, en dit lyk of hy lewe. En dit is wat die bewoners van die aarde so fassineer en agter hom laat aanloop.

Vers 12 vertel ons meer van die tien horings. Ons lees hulle is tien konings, wat nog nie tans regeer nie, maar in die toekoms gaan hulle saam met die dier vir een uur regeer. Vers 10 het ons ook geleer dat die sewende kop/koninkryk ook net 'n kort rukkie gaan regeer. Een uur is sekerlik 'n kort rukkie. Dit lyk dus of hierdie tien konings tydens die toekomstige sewende koninkryk gaan regeer, saam met die dier (wat “dan sal wees”). Vers 13 maak dit duidelik dat hierdie tien konings werk nou saam met die dier – hulle stel al hulle mag en gesag tot sy beskikking om oorlog te voer teen die Lam. Kan ek jou herinner aan wat ons gelees het rondom die sesde bak – daar het die bose geeste uit die bekke van die diere die konings van die aarde ook aan die einde van die tyd bymekaar gemaak om oorlog te voer op die groot dag van die Here – by Armageddon. Hier lees ons hulle sal teen die Lam en die wat uitverkies is, oorlog voer (onthou die twee getuies word in hierdie tyd doodgemaak). Maar ons weet die Lam gaan oorwin. Immers is Hy die Here van die heersers en die Koning van die konings aan Wie al die mag en gesag gegee is.

#### Die oordeel oor die sedelose vrou (verse 15-18)

Soos ons laasweek gesien het beskryf vers 15 die baie waters waarby die sedelose vrou gebly het – die waters is volke, stamme, tale en nasies. Lees Jer 51:13. Hier word Babel beskryf as 'n plek met baie waters en ook baie skatte. Die water by Babel (die Eufraatrivier) het baie voorspoed en weelde vir Babel gebring – gevolglik was daar baie skatte. In Openbaring 17-18 word die sedelose vrou ook beskryf in terme van die baie skatte wat haar versier het en waarmee die bewoners van die aarde (d.w.s. die baie waters) handel gedryf het.

Vers 16 is egter doodeenvoudig onverwags en ontugterend. Ons lees dat die tien konings (onthou nou, hulle heers saam met die dier vir daardie kort rukkie tydens die toekomstige koninkryk van die sewende kop) en die dier die sedelose vrou sal haat, haar kaal en verlate sal maak, haar vleis sal opeet en haar met vuur sal verbrand! Onthou – hierdie sedelose vrou sit op die dier (vers 3)! Onthou – die konings van die aarde, wat sekerlik hierdie tien konings moet insluit, het met haar onsedelik verkeer! Hulle het gedrink van die onsedelikheid in daardie goue beker in haar hand! Maar nou –

daar aan die einde van die tyd (want dit is wanneer hierdie konings vir 'n kort tydjie regeer), draai hulle teen die vrou!

Ek wil twee aspekte hier uitlig:

- Lees Eseg 23:25-29. In hierdie gedeelte lees ons van God se oordeel oor Samaria en Jerusalem (deur die beelde van Ohola en Oholiba). Ons lees dat hulle onsedelik verkeer het – geestelik onsedelik. Let nou op die straf wat God vir sy volk voorspel: Sy sal verbrand word, haar klere sal uit getrek word en sy sal kaal gelos word, sy sal deur haar vyande gehaat word. Wie het hierdie oordeel oor Jerusalem gebring? Babel. Maar nou lees ons dat presies dieselfde lot die sedelose vrou, Babel, tref – weereens sien ons dat die oordeel wat haar tref pas by haar oortreding.
- Kyk weer na die uitgiet van die sesde bak – wat net voor die finale oordeel plaasvind, m.a.w. wat in hierdie kort tydjie tydens die sewende kopkoninkryke en die regering van die 10 konings saam met die dier (wat “sal wees”) plaasvind. Dit is beskryf as die water van die Eufraat het opgedroog – en die gevolg was dat die konings van die ooste kom. Destyds was dit juis Kores wat die water van die Eufraat opgedroog het wat Babel laat val het. Nou is dit die dier en die tien konings wat kom en Babel laat val – by Armageddon.

Sien jy wat hier gebeur? Onthou die dier uit die see is die Antichris – wat gesagstrukture/politieke strukture misbruik. Hier gebruik hy juis die 10 konings. Die vrou is die godsdienstige en ekonomiese sisteme waarby die bewoners van die aarde en die konings van die aarde ingekoop het en hulle in verlustig het. Onthou hierdie vrou het juis gesit op die dier uit die see. En nou draai die dier en die konings, dus die politieke arm, teen die godsdienstige en ekonomiese sisteme waarin almal hulle so verlustig het – en vernietig dit. Dit lyk of politieke mag gebruik word om ekonomiese beginsels omver te werp, asook enigiets godsdienstig. Hier fokus dit veral op valse godsdienste in (dit is waarvoor die sedelose vrou haar beywer het), maar onthou dit is ook nou wat die twee getuies doodgemaak word. Die skokkende wat hier gebeur is dat ons begin sien hoe die koninkryk van die satan onderling verdeeld is en dat verskillende dele in opstand kom teen mekaar. Onthou wat Jesus geleer het toe Hy beskuldig is dat Hy duiwels uitdryf met die hulp van die duiwel. Lees Mark 3:23-26. Wel, hier kom die Satan teen homself in opstand – en dit beteken sy einde.

En dan kom vers 17. God is in beheer hiervan. Dit is God wat in die konings se harte gewerk het om hulle heerskappy aan die dier te gee – en so word God se wil volbring. Die sedelose vrou het baie verlei met haar onsedelikheid – God sal toesien dat sy gestraf word. God bestuur alles tot die einde toe. Insluitende die oordeel – en Sy oordeel is regverdig. Ja, dit is die konings en die dier wat teen die vrou draai, maar dit is ten diepste God wat hulle dit laat doen. Soos met die sesde bak, is dit die bese geeste uit die bekke van die diere wat die konings by Armageddon bymekaar bring – maar dit is ten diepste God wat hulle bymekaar bring.

### Toepassings

God is soewerein in beheer. Die hele boek Openbaring basuin dit uit – insluitend ook hierdie gedeelte. Natuurlik sluit God se soewereine beheer in dat Hy gelowiges beskerm deur vir hulle te gee wat hulle nodig het: kos, klere, ander fisiese middele, gesondheid, werk ens. Dit sluit ook in dat God soms die gebrek hieraan kan gebruik in Sy kinders se lewens tot groei. Natuurlik sluit God se soewereine beheer in dat Hy gelowiges verlos – reg van die uitverkiesing af, deur regverdigmaking, deur heerlikmaking tot met heerlikmaking. Maar God se soewereiniteit gaan verder as dit: Hy beheer wêreldgebeure. Hy beheer die satan en sy trawante. Hy beheer selfs die denke van die konings van die aarde – selfs wanneer hulle in rebellie optree teen hulle alliansievennote in die

koninkryk van die satan. Nou, as God werklik soewerein in beheer is: Hoekom laat God dit alles toe? Hoekom laat Hy toe dat daar sewe kopkoninkryke is voordat Hy in die laaste een die denke van die konings beïnvloed sodat hulle die sedelose vrou laat val? Ek het nie al die antwoorde op hierdie vrae nie. Maar ek dink ons moet ten minste die volgende onthou:

- God het 'n verborge bedoeling met alles (Op 10:7) – en Hy bereik hierdie bedoeling juis wanneer die sewende trompet blaas – wat ook is wanneer ons by hierdie gebeure kom waarvan ons hier gelees het. Sy bedoeling is dat Sy heerlijkheid die hele wêreld / heelal moet vul.
- God se heerlijkheid is opgesluit in Sy karaktereenskappe – Sy regverdigheid, liefde, genade, getrouheid, barmhartigheid, wysheid, krag, ens – maar veral in Sy heiligheid.
- God stel Sy heerlijkheid ten toon – dit is wat Hy doen sedert die skepping. Hy doen dit in Sy verlossingsplan vir gelowiges. Hy doen dit ook in Sy veroordeling van ongelowiges. Hy wil dat die mensdom dit moet aanskou, en veral belewe. Dit is deurdadig dat hulle dit belewe dat hulle oortuig sal wees dat dit waar is en dat Hy heerlik is.
- Dink nou aan die 10 konings van die sewende kopkoninkryk: Geslagte lank het hulle voorgangers die getuienis van God se heerlijkheid misgekyk – in Sy beloftes oor die Messias en in die getuienis van die kerk. Hulle het hulle eerder verwonder in die dier wat dood was en weer lewend geword het, as in Jesus wat dood was en weer lewend geword het. Genoeg is nou genoeg. Nou wys God hoe benard hulle situasie is: vir 'n oomblik laat hy hulle teen die sedelose vrou draai en dan val hulle hele wêreld, met alles waarop hulle vertrou het, in duie. God demonstreer vir hulle dat die koninkryk waarop hulle vertrou, leeg is en gebou is op naapery. Hulle moes eerder op die ware koninkryk gefokus het – waarvan die Koning dood was, maar vir ewig lewe – en Sy volgelinge saam met Hom.
- Boonop vertel God ons dit alles eeue voor dit gebeur – net as nog 'n verdere bewys Hy is soewerein in beheer.

Voorwaar – hier is wysheid en verstand nodig,